

Gedenkhorlosie versier Strand se Kus Weg

Die horlosie is in 1994 in Kus Weg, Strand, opgerig.

Retief Koch

BAIE mense stap daagliks by die mooi horlosie langs Kusweg in die Strand verby sommige sien dit nie raak nie, ander kyk net gou hoe laat dit is, maar sommige stap tóg nader en lees wat op die bronsplaat staan: ``Tyd vir vrede, time for peace, Ixesha Ngo Xola. A gift to the community from Strand Rotary Anns. In memory of Mavis Mitton. 1994."`

En dan sal hulle wonder: Nou wie was Mavis Mitton?

In Oktober 1925 het die Kaapse koerant The Argus 'n skoonheidskompetisie vir vroue uitgeskryf en 783 inskrywings met foto's is ontvang. Die foto's is uitgestal en 22000 mense het daarna gaan kyk.

Op 14 November 1925 is die wenner in die Tivoli teater in die Kaap aangewys. Die gelukkige wenner was 'n onderwyseres wat naby Montagu skoolgehou het, en haar naam was Mavis Alexander.

Die Kaap het behoorlik fees gevier oor sy eerste skoonheidskoningin. En só ook Montagu en die Koo. Mavis is in die deftigste motorkarre van daardie tyd vervoer: in die Kaap met 'n Crossley, waarmee die prins van Wallis tydens sy besoek kort tevore rondgereis het, en op Montagu het Mavis uit 'n Hupmobile (wat met sy agt silinders 108 km/h op 'n reguit pad kon haal) vir die skare gewuif.

Haar ander pryse was 'n tjek van 25 ghienies (&cchar156;25-25), kaartjies vir 'n losie in 'n teater, 'n kamera, 'n hoed, 'n somersrokkie, drie pare sykouse, skoene en 'n sambreel, middagete vir haar en vyf vriende vir 'n week, 'n permanente haar golwing (perm) vir ses maande, 'n gemakstoel, 'n spesiale raam vir haar wenfoto, 'n goue horlosie en gratis danslesse by 'n dansateljee om die tango te leer dans.

Na 'n tydjie het sy teruggekeer na die Strand waar sy by haar moeder kom bly het. Sy het 26 jaar onderwys aan die primêre Skool Somerset-Wes gegee.

Na haar moeder se dood is sy met haar jeugvriend, Bertie Mitten, getroud. Dit was 25 jaar na haar verkiesing as skoonheidskoningin. Ongelukkig is haar man net 'n paar jaar later oorlede.

Mavis het baie betrokke geraak by liefdadigheidswerk en ook by die Metodiste gemeente in die Strand. Na haar dood het sy geld aan die Rotariërs nagelaat, en uit erkentlikheid het die Rotary Anns van die Strand die pragtige horlosie in haar nagedagtenis opgerig.

Retief Koch

Die Strand se horlosie gaan nie oor tyd nie

basil.adams

Dit is nou lank dat die Strand se horlosie soos 'n slaaplose nag omtik. Nee, die probleem is juis dat die horlosie nie tik nie.

En as die stad wil weet wat burgerlike ongehoorsaamheid is, moet hy kennis neem. Anders gaan die pronkstuk soos Marilyn Monroe se horlosie wees: "Ek was al in 'n kalender, maar ek was nog nooit betyds nie."

Die Strand se horlosie is nie sommer enige horlosie nie, en dit is 'n skande dat sy agteruitgang sienderoë toegelaat word.

Vir die mense van die Helderberg is die Strand se horlosie wat die een op Times Square in New York vir die wêreld is.

Onder daardie horlosie word elke jaar voor middernag op 31 Desember die ou jaar gegroet en die nuwe jaar se belofte deur duisende aangegryp. Daar kan jy elke jaar nuwe liefdes sien blom en verlore liefdes sien treur.

Die horlosie is te danke aan Mavis Mitton, wat in die historiese 1990 tot sterwe gekom het.

As Mavis Alexander was sy eens die eerste Mej. Suid-Afrika. Met haar dood het sy 'n bedrag geld aan die Strand se Rotariërs nagelaat wat hulle belê het terwyl hulle 'n projek bedink het om Mavis mee te onthou. Die Strand se strand en die historiese gegewe dat dit slegs vir blanke gebruik was, het hulle laat besluit om dit 'n fokuspunt vir versoening te maak.

In Mei 1993, in die hittegolf van die laaste wit parlement, het Ann Jacueline Lester besluit die land en die Strand het 'n simbool van vrede en hoop nodig. Haar visie was van 'n kloktoring op die Strand waar almal die tema in hoofletters kon sien van "TIME FOR PEACE" – "TYD VIR VREDE" – "IXESHA NGO ZOLO".

Die argitek Danie Pienaar is genader, en hy het die projek gratis aangepak. Die destydse stadsraad was opgewonde oor die planne en het 'n plek aangebied. Brian Lezar, nog 'n inwoner, het 'n pragtige Vredesembleem ontwerp en met halfedelstene versier.

Messrs Clock Time van Kaapstad het die horlosie ontwerp, en in Desember 1994 is dit aan die stadsraad oorhandig met die sterk boodskap dat almal betrokke na vrede en voorspoed smag.

Die horlosie het begin probleme gee – wat 'n mens by die see kan verwag – maar die Rotariërs het hulp aangebied en sou self die koste van die herstel daarvan dra.

Daar staan die horlosie. Die simbool van soveel mense se hoop, iets wat maklik herstel kan word, maar deur die een of ander burokratiese rompslomp mense bloot die jodie in maak.

As jy wil weet hoe erg, gaan loer in by Die Rommel Trommel in die Strand waar welmenende nuwe Suid-Afrikaners hul hande eelte werk om geld vir die gemeenskap in te samel en hulpbehoewendes te help.

Dickens sou stem vir "It was the best of times, it was the worst of times".

wpretori@media24.co.za

Somerset-Wes

SA se eerste skone sterf op 85

JOHANNESBURG. - Suid-Afrika se eerste skoonheidskoningin, mev. Mavis Mitton, is eergister in die ouderdom van 85 in haar huis in die Strand oorlede. Mev. Mitton was mej. Alexander toe sy in 1925 as wenner gekroon is in 'n kompetisie wat deur 'n Kaapse koerant gereël is. Haar broer, mnr. George Alexander (90), het gesê dit was die eerste skoonheidskompetisie wat in Suid-Afrika gehou is. "Mavis was 21 toe vriende haar foto ingestuur het. Sy was onbewus daarvan. Twaalf meisies is gekies om voor die beoordelaars te verskyn, en sy het gewen." - (Sapa)